Gereformeerde Kerk Bloempark

DIE KOLLIG 23 FEBRUARIE 2020

Bloemparkgemeente moet as eenheid funksioneer om na binne en buite die groot opdrag uit te leef en die liefdesgebod sinvol te gehoorsaam deur middel van uitvoerbare aksieplanne.

Predikant: Ds Zak Scholtz

Tel: 051-5222254

Sel: 062 154 8847

E-pos: zakscholtz@gmail.com

Skriba: Willie Coetzee

Sel: 072 068 2583

E-pos: skriba@gkbloempark.org

Hulp—Skriba

Willie Coetzee (Fi01)

Sel: 082 772 9533

Orreliste: Frelet de Villiers

Sel: 071 643 4671

Susters: Orlé Breed

Sel: 084 555 3045

Kassier: Waarnemend: Skriba

Diakonie: Heimericks Vermeulen

Sel: 082 783 3174

Koster: Minette Fivaz

Tel: 051-4224591

Sel: 072 420 5012

Oudl Tiaan Adendorff

Sel: 076 981 1438

Posbus 31099, Fichardtpark, 9317

Kerkkantoor:

Lucille van Jaarsveld

051-522 7999 (☎)

082 818 8382

086 682 7287 (🖷)

E-pos:
kantoor@gkbloempark.org

KANTOORURE: 06:30 TOT 10:30

Die Kollig en Preke is beskikbaar op ons webblad onder die hofie ONS EREDIENS:

www.gkbloempark.org

Facebook:

Bloem-Doppers

Bankbesonderhede:
Absa Loch Logan

Rek nr: 047 0341 688

TAKKODE: 334134

ONTHOU:
Om te reël dat aftrekorders en internet-oorbetalings elke maand vóór die 9de moet geskied, anders wys die maand wat oorgeslaan is as geen betaling nie. Bydraes, Sustersbydraes, Dertiende Bydrae en Projek Dankoffer.

Ons wil 'n beroep op lidmate doen om ons administrasie te vergemaklik deur die bydraekoeverte volledig in te vul: dit sluit in voorletters, ... en wyk.

KATKISASIE & PREEKBEGELEIDING: **Geen**

DIENSBEURTE: Vandag: Wyk DWDO

Volgende week: Wyk FI 1

OFFERGAWES: Onder die diens: Barmhartigheid

Deuroffergawes: Barmhartigheid

AANDDIENS: **Die aanddiens is vanaand om 18:00 in ons kerkgebou. Die Spektrum aanddienste vervolg en die tema: Die Tuin van Eden Genesis 1-3. Oudl Tiaan sal dit lei.**

Teeskinkbeurte	
1 Mrt:	FI 8 & GDW & JFPP; Lelane Bekker, 082 379 2380; Orlé Breed, 084 555 3045; Marinda Snyders, 072 606 4690
8 Mrt:	LHP 1 & LHP 2 & LHP 3; Annemie van Jaarsveld, 072 592 5346; Theané Steenkamp, 072 377 9866; Christell Snyman, 082 521 7938
15 Mrt:	PEL 1 & PEL 2 & PEL 3; Esther van Biljon, 084 750 5588; Karen van Emmenes, 083 260 4313; Helena Marais, 082 594 3918

DEUR CHRISTUS IS ONS LIGDRAERS VIR DIE WêRELD!

LIEF EN LEED

- Sr Rachel van der Linde is oorgeplaas na Pasteur hospitaal.
- Br Johan Opperman se operasie het goed afgeloop. Steeds in Rosepark hospitaal.
- Niggie van Sr Theonette Viljoen in Rosepark hospitaal opgeneem nadat haar toestand verswak het.



VERJAARDAE

AKSIE AFTREE-OORD EN AFGETREDENES

23 Feb (72) Johan DAVIS Sel: 082 372 5128

24 Feb (77) Dries VAN BRAKEL Sel: 073 166 6247

25 Feb (83) Slinger VAN DER LINDE Sel: 078 701 9775

ANDER

24 Feb Theunis De Kock Sel: 082 650 2696 ; Marinda VENTER Sel: 071 640 9047

25 Feb Ansie COETZEE Sel: 082 296 4368; Dirk KOTZE Sel: 084 809 3856

27 Feb Kevin MCNEILAGE Sel: 083 298 1998; Dirk Rossouw Sel: 071 301 3016

28 Feb Lianda COETZER Sel: 082 775 6063; Johanna VAN DER LINDE Sel: 073 395 1892

JEUG

24 Feb Hanro Snyman Tel huis: 072 546 6203

25 Feb Marius Dippenaar Tel huis: 060 809 6485

26 Feb Kiané VENTER Tel huis: 082 334 6334

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds PGP le Roux (Pieter) van GK Wonderboom-poort na GK Totiusdal

GROEN KIS

Ons almal ken al die groen kis voor in die portaal, en dat die evangelisasie kommissie vra dat ons hom vol maak met artikels van tyd tot tyd. Ons het nou 'n behoefte aan toiletware, en dan veral toiletware vir jong meisies asook jong seuns. Kom ons maak sommer daai kis lekker vol!!

Voorbidding gevra vir…

- Bejaardes
- Lidmate wat kanker het
- Lidmate wat onder finansiële druk verkeer
- Reddersburg kinderhuis
- Eensames
- Pastorie-gesin
- Sendelinge in Mosambiek en Zambië.
- Jongmense
- Skoliere
- Christenvervolging in Irak en Sirië.
- Droogte

Preektema: Die oordeel en uitkoms met die wederkoms troos en lei ons om gelowig te volhard

Skriflesing: 2 Tessalonisense 1:1-15

1. Dank God vir ware groei

Die Here werk deur sy Kerk. Ons kan nie maar net buite sy kerk bly nie. Die mense in Tessalonika moet besef al is daar vervolg die seen van die Here rus op hulle en die vrede van die Here is met hulle. Paulus begin met 'n gebed om hulle te bemoedig. Geloof, hoop en liefde het by die mense in Tessalonika gegroei. Hulle geloof het tsv vervolging gegroei – hulle is deur God laat groei! Dit het floreer. Die Here gebruik die lyding in ons lewe om ons meer heilig te maak. Dis nie onnodig nie. Lyding wys ons opnuut weer terug na God toe! Lyding wys ons juis dat God se besluite vas staan – dat Hy in besonder lief is vir sy kinders – dat Hy ons vorm en laat groei vir sy koninkryk! God sal die ware geloof wat Hy in jou begin het laat enduit volhard!

2. Die oordeel en uitkoms met die wederkoms troos en lei ons om gelowig te volhard

As jy doen wat die Here sê: gaan dit soms moeilik word in jou lewe – dan moet jy nie na strooihalms gryp nie. Die Here leer ons deur die wederkoms: dat die oplossing vir ons probleme nie geleë is in mense nie – maar in Hom alleen! Hy gaan uitkoms gee! Hy sal 'n einde aan alles maak. Hy gaan ons verheerlik! Al die pyn en dood gaan weggeneem word. Wanneer jy in lyding volhard en aan die Here bly vashou – dan is dit 'n bewys dat God vir jou ware geloof gegee het! Die Here wys ons egter nie net op ons uitkoms nie wat Hy vir ons gaan gee nie – maar ook op die verdiende straf wat op die vyande van die Kruis – ons vyande – wag. Hy gaan Self geregtigheid bring! Elke mens verdien om vir ewig hel toe te gaan. Die wat verlore gaan – kry wat hulle verdien – die wat gered word – kry nie wat hulle verdien nie. Dit is net genade! Ons leef in God se vrede. Ons moet egter aanhou sy Woord onbeskaamd en onvervals verkondig - sonder om bang te wees vir mense se reaksie!

3. Wat wag op jou: Oordeel of uitkoms?

Om in geloof te floreer, beteken nie net om stil te staan in ons geloof nie – dit beteken ons moet elke dag besig wees om te groei in ons geloof! Om elke dag die Here nog beter te leer ken – nog meer getrou Hom uit te leef – nog meer te besef hoe nodig ons Hom het! Om te groei in ons liefde vir ander mense – onvoorwaardelike liefde vir God en mekaar! Liefde wat so diepgewortel is dat ons nie wil sien hoe ons vriend of vriendin hel toe gaan nie – en ons sonder God leef nie – en verwyder is van God nie – en dat ons ook wil he hulle moet in daardie ware vrede wat deur 'n verhouding met God kom deel. Liefde wat vermaan, bemoedig, aanmoedig, oproep tsv spot of vervolging of verwerping wat ons kant toe kan kom! Fokus jy in jou lewe op hierdie dinge? Of gaan jy net deur die motions? Is jy net hier vir jouself of is jy hier ook om aan ander die hoop te bring?

BYBELSTUDIE

- Hoekom is ons deel van 'n plaaslike gemeente? Kan ons maar ons Christenskap "privaat" uitleef apart en los van 'n plaaslike gemeente? Hoekom en hoekom nie?
- Paulus wys op die gemeente se geloof wat floreer het tsv vervolging tsv lyding. Hoe sou sulke groei prakties lyk in jou lewe?
- Sommige mense gryp na strooihalms in tye van lyding: wat sou dit beteken? Hoe sou dit lyk? Wat moet ons juis nie doen tydens lyding nie?
- Hoe troos die wederkoms ons d.m.v. God se genade wat red en ook God se geregtigheid wat in oordeel voltrek word?
- Hoe is die juis liefdevol om te vermaan, te bemoedig, aan te moedig, op te roep tot bekering – al verwerp mense ons soms?

DEUR CHRISTUS IS ONS LIGDRAERS VIR DIE WêRELD!

"IN DIE WEEK"

Vandag	08:45	**Gebedsgroep : Ds Zak**		
23 Febr	09:30	**Oggenddiens: Ds Zak**		
	18:00	**Aanddiens: Spektrumaanddienste**		
Dinsdag	08:00 - 09:00	Dissipelskap	Ds Zak Scholtz	062 154 8847
25 Febr	09:00	Bybelstudie	Alta Labuscagne	522 0516
	09:30	Bybelstudie (Gemeente sentrum)	Ds Zak Scholtz	079 885 4206
	17:30	Bybelstudie	Anton Blignaut	083 242 6490
	19:00	Dissipelskap	Liza Labuscagne	073 712 6252
Woensdag	10:00	Bybelstudie (Ds Zak)	Wilmien du Plessis	072 323 6568
26 Febr	19:00	Bybelstudie (Jong werkendes)	Werner Griessel	072 048 7866
Donderdag	19:00	Bybelstudie (Jong Werkendes)	Jaco Breed	071 491 1168
27 Febr	19:00	Bybelstudie (Jong gesinne)	Surien van Tonder	082 343 8503
Vrydag	06:00	Dissipelskap	Ds Zak Scholtz	062 154 8847
28 Febr				

BLOEMPARK NUUS

- Gemeente neem asb vroegtydig kennis van die "Bloempark het talent" verskeidenheidskonsert wat beplan word vir Vrydag, 13 Maart 2020, om 18:30 vir 19:00 in die kerksaal. In die groot voorportaal is 'n tafelplan opgesit. Skryf solank jou naam op om sitplek te verseker. Toegang is 'n sagte kollekte by aankoms. Bring eie piekniekmandjie met versnaperinge en koue drinkgoed. Boereworsrolle sal ook te koop aangebied word. Almal wat wil optree die betrokke aand skryf asb jou naam, telefoonnommer en jou aksie op die lys in die voorportaal. As jy enige musiekinstrument kan speel, of sing, goeie skoon grappe kan vertel, gedig kan opsê, kan dans, is jy welkom. So kom Bloemparkers kom wys ons jou talente, moenie skaam wees nie!!! Sluitingsdatum is 8 Maart 2020 vir inskrywings.
- Die gemeente is genooi om die Hamburger stalletjie by die Wild en pragtig natuurfees te beman op 29 Februarie vir ekstra fondse vir ons gemeente. Sover is ons 3 mense wat reeds op die dag kan help. As daar nog enige iemand is, kontak asseblief vir Tanya Scholtz.
- Vanoggend vier ons Nagmaal. Almal wat by die kerkraad aansoek gedoen het is baie welkom en word hartlik daartoe uitgenooi tensy anders besluit. Diakonie gaan verversings bedien vanoggend saam met die tee in die kerksaal. Bring asb 'n sagte donasie saam.

BLOEMPARK NUUS VERVOLG……

- Met attestaat aangekom vanaf GK Bfn-Suidheuwels: Br Jasper en Sr Retha Theunissen asook Br Willem Theunissen.
- Br Petrus en Sr Sylvia Jansen van Vuuren met dooplidmate Petrus en Amé ook vanaf GK Suidheuwels aangekom met attestaat.
- Met attestaat aangekom vanaf GK Steynsburg: Sr Fransa Coetzee

  Ons wens u almal ‘n geseënde verbintenis met GK Bloempark toe.
- Sr Stephanie de Kock is terug in die gemeente nadat sy weg was met reisattestaat. Welkom terug.
- Vertrek met attestaat na GK Bfn-Noord: Sr Wilmien du Plessis
- Ontslag: Eervolle losmaking word toegestaan aan Br Stephaans Venter. Ons spreek ons hartlike dank uit teenoor hom vir baie jare se diens in die amp van ouderling en op die gebied van evangelisasie en huidiglik op die gebied van Veritas.

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS [TOIBO]

Agtergrond

Die Instituut is gestig op 13 Maart 1947. Die doel was om ‘n skool vir dowes te begin vir kinders in die noorde.

Die eerste skool wat gestig is, was die Transoranje-skool vir Dowes, op 16 Augustus 1954. Dit was egter duidelik dat die Instituut ook ander skole sou moes open vir kinders met ander gestremdhede.

Die huidige Instituutskole is die volgende:

• Transoranje-skool vir dowes (Pretoria-Wes)
• Prinshofskool vir Gesiggestremdes (Sentrale sakegebied van Pretoria)
• Sonitusskool vir Gehoorgestremdes (East Lynne, Pretoria)
• Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid (Jan Niemandpark (Pretoria)
• Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes (Bloemfontein)

Doel

Sedert die stigting van die eerste skool in 1954 ondersteun die Instituut die skole finansieel en kon derduisende kinders met gestremdhede onderrig van hoogstaande gehalte ontvang. Hierdie kinders kom van oral in die land en baie van hulle woon in die koshuise by die skole. Die huidige leertal is 1 850.

Die Instituut funksioneer onafhanklik van die vyf skole en ondersteun die skole finansieel deur kwartaalliks ‘n toekenning aan die skole te maak vir ondersteuning aan die minderbevoorregte kind. Die toekennings word gemaak nadat behoeftes bevestig en geprioritiseer is. Die aanwending daarvan word gemonitor en projekte word doelgerig bestuur.

Bestuur

Die dagbestuur van die Instituut bestaan uit drie lede wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag-bedryf. Die uitvoerende komitee (besluitnemingsgesag) bestaan uit die lede van die dagbestuur en die hoofde van die vyf skole.

Die ledevergadering vind gedurende Mei van elke jaar plaas en word bygewoon deur sinodale verteenwoordigers van die drie susterkerke en ‘n verteenwoordiger van elke skool se Beheerliggaam.

Die Instituut het slegs een voltydse amptenaar, naamlik die uitvoerende beampte, wat verantwoordelik is vir die totale administratiewe, finansiële en fondsinsamelingsfunksie.

Vir nog meer inligting besoek die webwerf by: www.toibo.org.za

DEUR CHRISTUS IS ONS LIGDRAERS VIR DIE WêRELD!

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Finansiëleopsomming vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Item	Begroot	Werklik	Verskil
Bydraes	R1,443,387	R1,303,993	-R139,394
Ander Inkomste	R61,959	R151,915	R27,997
Totale Inkomste	R1,567,305	R1,455,908	-R111,397
Uitgawes	R1,595,487	R1,583,331	R12,156
Surplus / (Tekort)	-R28,182	-R127,422	-R99,240

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Inkomste vs Uitgawes vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Inkomste = R1,455,908

Uitgawes = R1,583,331

Inkomste Tekort = R127,422

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Bydraes vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Begroot = R1,443,387

Werlik = R1,303,993

Bydrae Tekort = R139,394

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Dit is baie duidelik van die bogenoemde syfers, dat indien daar nie ‘n drastiese verbetering in die inkomste plaasvind nie, die kerk binnekort ‘n finansiële krisis in die gesig staar.

Ons gebed is dat God elke lidmaat sal lei om self ondersoek te doen, en te bepaal of dit wat ons bydrae wel ons deel van ons dankbaarheid teenoor God is.

DEUR CHRISTUS IS ONS LIGDRAERS VIR DIE WêRELD!

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Finansiëleopsomming vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Item	Begroot	Werklik	Verskil
Bydraes	R1,443,387	R1,303,993	-R139,394
Ander Inkomste	R61,959	R151,915	R27,997
Totale Inkomste	R1,567,305	R1,455,908	-R111,397
Uitgawes	R1,595,487	R1,583,331	R12,156
Surplus / (Tekort)	-R28,182	-R127,422	-R99,240

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Inkomste vs Uitgawes vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Inkomste = R1,455,908

Uitgawes = R1,583,331

Inkomste Tekort = R127,422

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Bydraes vir die 11 maande geëindig 31 Januarie 2020

Begroot = R1,443,387

Werlik = R1,303,993

Bydrae Tekort = R139,394

GEREFORMEERDE KERK BLOEMPARK

Dit is baie duidelik van die bogenoemde syfers, dat indien daar nie ‘n drastiese verbetering in die inkomste plaasvind nie, die kerk binnekort ‘n finansiële krisis in die gesig staar.

Ons gebed is dat God elke lidmaat sal lei om self ondersoek te doen, en te bepaal of dit wat ons bydrae wel ons deel van ons dankbaarheid teenoor God is.

BLOEMPARK NUUS VERVOLG……

- Met attestaat aangekom vanaf GK Bfn-Suidheuwels: Br Jasper en Sr Retha Theunissen asook Br Willem Theunissen.
- Br Petrus en Sr Sylvia Jansen van Vuuren met dooplidmate Petrus en Amé ook vanaf GK Suidheuwels aangekom met attestaat.
- Met attestaat aangekom vanaf GK Steynsburg: Sr Fransa Coetzee

  Ons wens u almal ‘n geseënde verbintenis met GK Bloempark toe.
- Sr Stephanie de Kock is terug in die gemeente nadat sy weg was met reisattestaat. Welkom terug.
- Vertrek met attestaat na GK Bfn-Noord: Sr Wilmien du Plessis
- Ontslag: Eervolle losmaking word toegestaan aan Br Stephaans Venter. Ons spreek ons hartlike dank uit teenoor hom vir baie jare se diens in die amp van ouderling en op die gebied van evangelisasie en huidiglik op die gebied van Veritas.

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS [TOIBO]

Agtergrond

Die Instituut is gestig op 13 Maart 1947. Die doel was om ‘n skool vir dowes te begin vir kinders in die noorde.

Die eerste skool wat gestig is, was die Transoranje-skool vir Dowes, op 16 Augustus 1954. Dit was egter duidelik dat die Instituut ook ander skole sou moes open vir kinders met ander gestremdhede.

Die huidige Instituutskole is die volgende:

- Transoranje-skool vir dowes (Pretoria-Wes)
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes (Sentrale sakegebied van Pretoria)
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes (East Lynne, Pretoria)
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid (Jan Niemandpark (Pretoria)
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes (Bloemfontein)

Doel

Sedert die stigting van die eerste skool in 1954 ondersteun die Instituut die skole finansieel en kon derduisende kinders met gestremdhede onderrig van hoogstaande gehalte ontvang. Hierdie kinders kom van oral in die land en baie van hulle woon in die koshuise by die skole. Die huidige leertal is 1 850.

Die Instituut funksioneer onafhanklik van die vyf skole en ondersteun die skole finansieel deur kwartaalliks ‘n toekenning aan die skole te maak vir ondersteuning aan die minderbevoorregte kind. Die toekennings word gemaak nadat behoeftes bevestig en geprioritiseer is. Die aanwending daarvan word gemonitor en projekte word doelgerig bestuur.

Bestuur

Die dagbestuur van die Instituut bestaan uit drie lede wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag-bedryf. Die uitvoerende komitee (besluitnemingsgesag) bestaan uit die lede van die dagbestuur en die hoofde van die vyf skole.

Die ledevergadering vind gedurende Mei van elke jaar plaas en word bygewoon deur sinodale verteenwoordigers van die drie susterkerke en ‘n verteenwoordiger van elke skool se Beheerliggaam.

Die Instituut het slegs een voltydse amptenaar, naamlik die uitvoerende beampte, wat verantwoordelik is vir die totale administratiewe, finansiële en fondsinsamelingsfunksie.

Vir nog meer inligting besoek die webwerf by: www.toibo.org.za